



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

--

NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

EKSAMENNUMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 33 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
- Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit in aan die einde van die eksamen. Onthou om jou eksamennummer in die blokkies hierbo neer te skryf.**
- Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- Lees die vrae sorgvuldig. Let op die werkwoorde in die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
- Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect". Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word.
- Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts. Eenwoordantwoorde sal nie noodwendig vir jou die punt gee nie. Skryf in volsinne.
- MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.
- EEN bykomende bladsy (bladsy 33) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsy indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK:

NASIENER MOET PUNTE HIER ONDER INSKRYF									
V1	V2	V3	V4	V5	V6	V7	V8	V9	TOTAAL
13	12	23	18	10	16	8	25	25	/150
NASIENER/MODERATOR MOET HIER ONDER PARAFEER									

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

1.1.1 Waarin word die verfristempo van 'n rekenaarskerm gemeet?

- A fps
- B Hz
- C rpm
- D m/s

1.1.1	
-------	--

(1)

1.1.2 Watter van die volgende is 'n toevoertoestel?

- A Webkamera
- B Kopfone
- C Braille-leser
- D Dataprojektor

1.1.2	
-------	--

(1)

1.1.3 In woordverwerking is Harvard en APA style wat met ... geassosieer word.

- A opskrifte
- B byskrifte
- C bibliografieë
- D voetnotas

1.1.3	
-------	--

(1)

1.1.4 Watter reeks wat hieronder gelys word, **KAN NIE** gegenereer word wanneer die *AutoFill*-opsie in Excel gebruik word nie?

- A Mon, Tue, Wed, Thu
- B 2, 5, 8, 11
- C 1-10-2024, 2-10-2024, 3-10-2024, 4-10-2024
- D a, b, c, d

1.1.4	
-------	--

(1)

1.1.5 'n Eienskap van sagteware wat gebruikers in staat stel om met visuele kontroles soos knoppies en ikone in wisselwerking te tree, staan as ... bekend.

- A RSI
- B GUI
- C GPS
- D JPG

1.1.5	
-------	--

(1)

1.1.6 Watter van die gelyste opsies kan as 'n metode funksioneer om te verhoed dat 'n individu toegang tot skadelike Internetinhoud verkry?

- A Boekmerke
- B Privaat blaaiery
- C Webwerffilters
- D Soektogte

1.1.6	
-------	--

(1)

1.1.7 Watter sleutel(s) sal gebruik word om na die volgende sel aan die regterkant te beweeg wanneer jy in tabelle in woordverwerking werk?

- A Shift + TAB
- B CTRL + TAB
- C ALT + TAB
- D TAB

1.1.7	
-------	--

(1)

1.1.8 VLC media player is 'n voorbeeld van ... sagteware.

- A stelsel-
- B teenvirus-
- C eiendomsregtelike
- D oopbron-

1.1.8	
-------	--

(1)

1.2 Verskaf verduidelikings vir die volgende akronieme. Skryf gedetailleerde beskrywings in die spasie wat voorsien word. **GEEN PUNT** sal toegeken word vir net die uitbreiding van die akroniem nie.

1.2.1 PDA

(1)

1.2.2 SKHK (SOHO)

(1)

1.2.3 Meme

(1)

1.2.4 NIK (NIC)

(1)

1.2.5 URL

(1)
[13]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 2

- 2.1 Kies die term/konsep in Kolom B wat die **BESTE** by die beskrywing in Kolom A pas. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 2.1.1 Q.

	Kolom A	Kolom B
2.1.1	Die sleutelbordsleutel/s wat algemeen gebruik word om hulp in toepassingsprogramme te verkry.	A. Beginmerker
2.1.2	'n Ruimtegebaseerde satellietnavigasiesistelsel wat liggings- en tydinligting verskaf.	B. DPI
2.1.3	Merkers wat slegs 'n begin- en geen eindmerker het nie, word ... genoem.	C. GPS
2.1.4	Hoeveelheid data wat binne 'n vasgestelde tyd van een punt na 'n ander oor 'n verbinding kan beweeg.	D. Aandagstreep (en-streep)
2.1.5	'n Horisontale lyn wat 'n bietjie langer as 'n koppelteken is en wat gebruik word om reekse en parentetiese uitdrukkings aan te dui.	E. Breëband
2.1.6	Die spesifikasie waarin die spoed van 'n drukker gemeet word.	F. F1
2.1.7	Geheue wat die aanvanklike instruksies vir 'n rekenaar se laaifunksie stoor en noodsaaklik is vir die selflaai van die bedryfstelsel.	G. Bandwydte
		H. RAM
		I. Leë merker
		J. HTML
		K. Ctrl + H
		L. ROM
		M. Em-streep
		N. Geo-etikettering
		O. LTE
		P. PPM

2.1.1		(1)
2.1.2		(1)
2.1.3		(1)
2.1.4		(1)
2.1.5		(1)
2.1.6		(1)
2.1.7		(1)

2.2 Die volgende stellings is onvolledig. Voltooi die stellings deur die ontbrekende term in te vul. Skryf **SLEGS** die term langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

2.2.1 _____ verwys na die gebruik van tegnologie om simulaties van 'n 3D omgewing te skep.

2.2.1		(1)
-------	--	-----

2.2.2 _____ gebruik sensors om beelde vas te lê en stoor dan die data digitaal op 'n geheuekaart.

2.2.2		(1)
-------	--	-----

2.2.3 Die _____ eienskap kan aan 'n lêer toegeken word om te verhoed dat enige veranderinge aan die lêer aangebring word.

2.2.3		(1)
-------	--	-----

2.2.4 _____ is 'n sleutelbordkortpad wat gebruik word vir die knip van inhoud uit 'n dokument om dit dan êrens anders te plak.

2.2.4		(1)
-------	--	-----

2.2.5 _____ verwys na die sagteware se vermoë om lêers wat in vroeër (ouer) weergawes van die sagteware geskep is, oop te maak en te gebruik.

2.2.5		(1)
-------	--	-----

[12]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	
-----------------------------------	-------------------	--

25 punte

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTECHNOLOGIEË

3.1 Identifiseer die volgende beelde in die spasie wat voorsien word, of noem die hoof funksie(s) en die konnektiwiteitsmetode waar aangedui.

3.1.1



[<<https://www.indiamart.com/proddetail//>>>]

Naam van hardeware

(1)

3.1.2



[<<https://www.fastrak.co.za/cdn/shop/products///>>>]

Naam van hardeware

(1)

3.1.3



[<<https://play.google.com/store/>>>]

Naam van toepassing

(1)

3.1.4



[<<https://itexperience.net/>>]

Hooffunksie

(1)

3.1.5



[<<https://game4u.co.za/product/>>]

**Hooffunksie en
konnektiwiteits-
metode**

(2)

3.2 Sagteware is 'n belangrike deel van 'n rekenaar. In baie gevalle word 'n produksleutel vereis wanneer jy probeer om sagteware soos 'n kantoor suite te installeer.

3.2.1 Verduidelik wat 'n produksleutel is.

(1)

3.2.2 Gee **EEN** rede waarom sagtewareontwikkelaars 'n produksleutel sal gebruik.

(1)

3.3 Die meeste draagbare rekenaars word sonder optiese aandrywers vervaardig.

Gee **TWEE** redes waarom die meeste draagbare rekenaars toenemend ontwerp word om nie optiese aandrywers in te sluit nie.

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

3.4 Motiveer waarom die vervanging van die hardeskyfaandrywer die prestasie van 'n rekenaar kan verbeter.

(2)

3.5 Al die hardeware-items in 'n rekenaarvoorraadlys het 'n strepieskode.

Gee **EEN** voordeel van die gebruik van 'n strepieskodestelsel afgesien van die feit dat die skandering van strepieskodes baie vinniger is as om die kodes met die hand in te tik.

(1)

3.6 Verskaf **TWEE** redes waarom iemand eerder 'n rekenaar sal vervang as om dit op te gradeer.

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

3.7 Rekenaars word gebruik om dokumente te skep wat van tyd tot tyd gedruk moet word.

3.7.1 Andrew wil reklamemateriaal vir sy maatskappy druk. Hy het die opsie om óf 'n inkstraaldrukker óf 'n laserdrukker te gebruik.

Die volgende stellings oor drukkers word gegee:

1. Kan in kleur druk.
2. Gebruik 'n gelaaide drom om die gedrukte item te skep.
3. Gebruik inkpoeier.
4. Skep afvoer reël vir reël deur 'n drukkop te gebruik.

Verbind die stellings (no. 1–4) wat hier bo gegee word deur die stellingnommer(s) neer te skryf in die spasie wat voorsien word. Een stelling kan vir albei drukkers gebruik word.

Inkstraaldrukker:

Stellingnommer(s):

Laserdrukker:

Stellingnommer(s):

(2)

3.7.2 Andrew wil 10 000 kopieë van 'n enkelbladsy-A4-pamflet druk.

Dui aan of hy 'n inkstraal- of 'n laserdrukker moet gebruik.

(1)

3.7.3 Toe Andrew kleinskaalse 3D modelle van die maatskappylogo wou maak, wou sy werkgewer verstaan hoe 'n 3D drucker werk om die modelle te produseer.

Verduidelik hoe 'n 3D drucker 3D modelle produseer.

(2)

- 3.8 Terwyl hy na beelde vir sy pamflette soek, kom Andrew af op die prent wat hier onder getoon word, maar hy is onseker oor wat die prent beteken.



Figuur 1

[<<https://www.analyticsinsight.net/>>]

- 3.8.1 Na watter tipe sagteware verwys die prent?

(1)

- 3.8.2 Verduidelik **TWEE** verskille tussen die sagteware wat in die beeld wat hier bo geïllustreer word, vertoon word.

Verskil 1:

(1)

Verskil 2:

(1)

[23]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

'n Maatskappy bedryf veelvuldige kantore en gebruik die Internet om data tussen kantore oor te dra. Hierdie maatskappy doen ook betalings aan personeel en verskaffers deur aanlyn bankwese te gebruik.

4.1 Die maatskappy is bekommerd oor spioenware en ander sekuriteitskwessies wat met Internetgebruik verband hou.

4.1.1 Verduidelik wat met spioenware bedoel word.

(2)

4.1.2 Hoe verskil spioenware van strikroof (*phishing*)?

Spioenware:

Strikroof:

(2)

4.2 Wanneer aanlyn banksake gedoen word, verkry die maatskappy deur 'n webbladsy toegang tot die aanlyn bankplatform.

4.2.1 Identifiseer **EEN** metode wat deur die aanlyn bankplatform gebruik kan word om die risiko van spioenware te verminder wanneer kliënte aanteken.

(1)

4.2.2 Verduidelik hoe hierdie metode die bedreiging van spioenware voorkom.

(1)

- 4.3 Voltooi die ontbrekende gedeeltes in die volgende tabel vir verwysing om verwarde werknemers met Internetterminologie te help.

Term	Beskrywing
HTML	
	Die tipe sagtewaretoepassing wat gebruik word om 'n webbladsy te vertoon.
	'n Adres wat deur 'n netwerk aan 'n rekenaar gegee word sodat die rekenaar uniek geïdentifiseer kan word.
	'n Tekslêer wat deur 'n webbediener gestuur word om data oor 'n gebruiker se blaaigewoontes in te samel.
IDV (ISP)	

(5)

- 4.4 Kasberging (*caching*) is een van die eienskappe wat ons help om die web doeltreffender te gebruik.

- 4.4.1 Verduidelik kortliks wat kasberging is.

(1)

- 4.4.2 Gee **TWEE** hoofredes vir die gebruik van kasberging (web cache).

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

- 4.5 Die maatskappy gebruik videokonferensies om oor 'n netwerk met mekaar te kommunikeer.

Een van die personeellede ondervind voortdurend swak videogehalte tydens konferensiesessies wat gekenmerk word deur gereelde onderbrekings in die video-voer (die beeld hou aan "opbreek").

Stel **TWEE** langtermynoplossings vir hierdie probleem voor.

Oplossing 1:

(1)

Oplossing 2:

(1)

- 4.6 Die maatskappy stel daarin belang om roosterverwerking (*grid computing*) te implementeer. Sommige werknemers is egter nie met hierdie konsep vertrouwd nie. Verduidelik aan hulle wat roosterverwerking is.

(2)
[18]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 5**INLIGTINGSBESTUUR****Figuur 2**

Tydens die Rugbywêreldbeker in 2023 was die afrigters en skydsregters baie bekommerd oor die impak van die spel op die spelers. Een so 'n bekommernis was die hoeveelheid kopbeserings.

Wêreldrugby is aan die voorpunt van die gebruik van nuwe tegnologie om kopbeserings te bestuur as deel van sy voortdurende sespuntplan om die mees progressiewe sport in die wêreld ten opsigte van spelerwelsyn te word. Om hierdie rede is Wêreldrugby besig met die implementering van slimmondskerms wat toegerus is om waarskuwings tydens die wedstryd te gee met die doel om hoëversnelling-gebeurtenisse wat tot harsingskudding kan lei, te bespeur.

[Bron: <<https://www.world.rugby/news/875212/world-rugby-integrates-smart-mouthguard-technology-to-the-head-injury-assessment-as-part-of-new-phase-of-global-player-welfare-measures>>]

- 5.1 Aangesien slimmondskerms 'n onlangse toevoeging is, moet baie klubs nog navorsing oor die produk doen.

Gee **TWEE** wenke oor hoe om te kontroleer dat inligting wat op die Internet verkry word, in werklikheid korrek en betroubaar is.

Wenk 1:

(1)

Wenk 2:

(1)

5.2 Verduidelik wat elkeen van die volgende terme beteken:**5.2.1 Kopiereg**

(1)

5.2.2 Plagiaat

(1)

5.3 Verduidelik die proses hoe data ingesamel word deur die slimmonds-kerm te gebruik deur die volgende vrae te beantwoord.**5.3.1 Watter tipe data sal die slimmonds-kerm van die spelers ontvang tydens die spel?**

(1)

5.3.2 Verduidelik hoe die toevoer wat in Vraag 5.3.1 gegee is, verwerk sal word om nuttige inligting te verkry.

(1)

5.3.3 Gee 'n voorbeeld van die afvoer wat uit die bespreking in Vraag 5.3.2 geproduseer sal word.

(1)

5.4 Die afrigters wil die prestasiestatistiek van elke speler tydens wedstryde monitor. Om dit reg te kry word sigblaaie gereeld vir dataontleding gebruik. Een manier om hierdie inligting aan te bied is deur grafiese voorstelling.

Noem **DRIE** maniere waarop 'n kaart/grafiek makliker gemaak kan word om te interpreteer wanneer dit in 'n verslag ingesluit word.

Manier 1:

(1)

Manier 2:

(1)

Manier 3:

(1)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 6 **SOSIALE IMPLIKASIES**

- 6.1 Bespreek **EEN** voorbeeld in jou skool waar die gebruik van rekenaars die volgende doelwitte kan bereik:

Bespaar papier:

(1)

Bespaar kommunikasiekoste:

(1)

Bespaar tyd:

(1)

- 6.2 'n Algemene term wat met rekenaarmisdaad geassosieer word, is sosiale manipulasie.

6.2.1 Verduidelik die term "sosiale manipulasie".

(1)

6.2.2 'n Aspek van sosiale manipulasie is omgekeerde sosiale manipulasie.

Bespreek **TWEE** voorbeelde van scenario's waar omgekeerde sosiale manipulasie kan voorkom.

Voorbeeld 1:

(1)

Voorbeeld 2:

(1)

- 6.3 Maatskappye is van rekenaars afhanklik en indien hulle enige hardewarefalings of Internetverbindingsonderbrekings ondervind, kan dit 'n vernietigende uitwerking hê.

Noem die **TWEE** mees algemene probleme wat hardewarefalings veroorsaak.

Probleem 1:

Probleem 2:

(2)

- 6.4 Tegnologie speel ook 'n groot rol in die samelewing.

Bespreek **TWEE** voordele en **TWEE** nadele van die gebruik van tegnologie in die samelewing.

Voordeel 1:

Voordeel 2:

(2)

Nadeel 1:

Nadeel 2:

(2)

6.5 'n Brandmuur kan gebruik word om die data wat op 'n rekenaar gestoor is, veilig te hou.

Die gegewe paragraaf beskryf hoe die brandmuur werk om die data veilig te help hou.

Voltooi die paragraaf deur die toepaslikste terme uit die gegewe lys te gebruik. LET WEL: **Nie al** die terme op die lys hoef gebruik te word nie.

- Aanvaar
- Indringing (*Hacking*)
- Toevoer
- Netwerk
- Uitgaande
- Afvoer
- Verwerker
- Verwerp
- Sagteware
- Berging

'n Brandmuur kan op _____ of hardeware gebaseer wees. Dit monitor verkeer tussen die rekenaar en die _____. Die gebruiker stel kriteria vir die verkeer. Die brandmuur sal die verkeer op grond hiervan _____ of _____. Dit kan _____ en kwaadwillige sagteware wat 'n bedreiging vir die sekuriteit van die data kan wees, help voorkom.

(4)

[16]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V6	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 7 **OPLOSSINGONTWIKKELING**

- 7.1 Een van jou onderwysers het 'n lêer in 'n e-pos ontvang. Hy kan nie die lêer wat hy as 'n aanhegsel ontvang het, oopmaak nie.

Verduidelik **TWEE** maniere waarop hy moontlik die dokument sal kan oopmaak.

Metode 1:

(1)

Metode 2:

(1)

- 7.2 Dieselfde onderwyser ontdek dat die woordverwerkingsprogram 'n eienskap het wat jou toelaat om outomaties byskrifte by prente, grafieke of tabelle by te voeg.

Gee **TWEE** redes, buiten die besparing van tyd, waarom dit beter is om hierdie eienskap te gebruik as om dit met die hand te doen.

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

7.3 Hoe verskil 'n funksie in 'n sigblad van 'n formule?

Funksie:

(1)

Formule:

(1)

7.4 'n Paar van die onderwysers voer hul punte (as persentasies) in 'n databasis in. Hulle merk op dat wanneer hulle hul punte invoer, sommige punte hoër as 100 is.**7.4.1** Verduidelik hoe 'n valideringsreël die onderwysers kan help om die punte korrek in te voer.

(1)

7.4.2 Gee die werklike valideringsreël wat jy as deel van jou antwoord sal gebruik.

(1)

[8]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	
-----------------------------------	-------------------	--

75 punte

AFDELING C**VRAAG 8****GEÏNTEGREERDE SCENARIO****Figuur 3**

Sommige hotelle ontwrig Suid-Afrika se gasvryheidsektor nadat hulle voorpunttegnologieë verkry het om 'n vereenvoudigde ervaring vir gaste te skep. Hulle gebruik mensagtige robotte wat op kunsmatige intelligensie gebaseer is om kamerdiens aan gaste te lewer en as portiers of kelners te werk. Lexi, Micah en Ariel is by een van Suid-Afrika se hotelle bekend gestel om 'n helpende hand aan die menslike personeel op die perseel te verleen. Hulle kan kamerdiens lewer, reisinligting verskaf en tot 165 pond bagasie elk van die marmervloervoorportaal na die kamers dra.

Die lys van tegnologiese innovasies sluit 'n digitale afstandsbesprekings- en intekendiens en toegebaseerde deursleutels in, en gaste kan ook na hul gunsteling liedjie luister wat op hul versoek deur 'n digitale vleuelkalvier gespeel word.

Hotelrobotte verskaf 'n mededingende voordeel bo mededingers. Robotto kan die tyd van menslike personeel beskikbaar stel en help om 'n gas se verblyf te verpersoonlik. Hul gebruik is in werklikheid byna onbeperk, met net verbeelding en koste wat die beperkende faktor is.

[Bron: <<https://www.itweb.co.za/article/robots-deliver-room-service-at-sas-smartest-hotel/Olx4z7kn5GWv56km>>; <<https://www.socialtables.com/blog/hospitality-technology/hotel-brands-robot/>>]

- 8.1 Tydens die intekenproses ontvang gaste 'n mobiele sleutel wat 'n digitale sleutel gebruik wat deur 'n veilige verbinding met die gas se mobiele toestel geskakel is. Dit stel die gaste in staat om toegang tot hul kamer te verkry deur bloot met die slot op die deur te kommunikeer deur hul mobiele toestel te gebruik.

Watter tegnologie laat jou toe om hierdie mobiele sleutel te kan gebruik afgesien van RFID?

8.2 Ander hotelle maak van RFID-tegnologie gebruik vir hotelkamersleutelkaarte wat gaste in staat stel om hul kamers binne te gaan.

8.2.1 Brei die akroniem RFID uit.

(1)

8.2.2 Verduidelik hoe hierdie tegnologie werk.

(2)

8.3 Wanneer gaste met die robotte in wisselwerking tree, maak hulle van gesigsherkenning gebruik om te bepaal of 'n gas gelukkig of ongelukkig is.

8.3.1 Na watter tegnologie verwys ons wat robotte in staat stel om 'n persoon se gesigsuitdrukking te kan interpreteer?

(1)

8.3.2 Bespreek 'n ander voorbeeld waar hierdie tipe tegnologie gebruik word.

(1)

8.4 Die hotel maak van inligtingspunte gebruik.

- Besoekers gebruik 'n opsielys om inligting oor die hotel te kies.
- Die opsielys sluit al die inligting oor die dienste wat by die hotel aangebied word in.
- Die inligting word verskaf deur slegs hoëdefinisievideo met 'n klankbaan te gebruik.

8.4.1 Noem **EEN** toevoertoestel wat vir die inligtingspunt gebruik kan word.

(1)

8.4.2 Die afvoer word op 'n monitor vertoon.

Noem **EEN** ander afvoertoestel wat vir die inligtingspunt gebruik kan word.

(1)

8.4.3 'n Goeie Internetverbinding is 'n belangrike vereiste by hierdie inligtingspunt.

Gee **EEN** rede waarom die hotel van 'n veselverbinding in plaas van 'n ADHL-verbinding gebruik moet maak afgesien van die feit dat dit vinniger is.

Rede:

(1)

8.4.4 Die hotel besluit om Quick Response-kodes op verskillende plekke in die hotel bekend te stel. Dit verskaf verdere inligting oor die dienste wat by die hotel aangebied word.

Beskryf hoe gaste die inligting van die Quick Response-kodes verkry.

(3)

8.5 Al die gaste se inligting word in 'n databasis op 'n bediener gestoor. Die databasis-administrateur moet die databasis opstel en benodig 'n primêre sleutel.

8.5.1 Wat is 'n primêre sleutel?

(2)

8.5.2 Gee 'n voorbeeld van die gaste se inligting wat as 'n primêre sleutel gebruik kan word.

(1)

8.6 Die hotel wil graag terugvoer van hul gaste verkry, aangesien hulle hul dienste wil verbeter. Hulle besluit om van 'n aanlyn opname gebruik te maak.

8.6.1 Bespreek **TWEE** voordele van die gebruik van aanlyn opnames om inligting in te samel.

Voordeel 1:

(1)

Voordeel 2:

(1)

8.6.2 Noem die beheerveld wat toepaslik sal wees wanneer 'n elektroniese vorm geskep word waar die gebruiker tussen twee opsies moet kies.

(1)

8.7 Drie tipes bergingsmedia wat deur die hotel gebruik kan word, is magneties, opties en vaste toestand.

8.7.1 Een voorbeeld van vastetoestand-berging is 'n vastetoestand-aandrywer (SSD).

Identifiseer **EEN** ander voorbeeld van vastetoestand-berging.

(1)

8.7.2 'n Mobiele toestel wat deur die hotel gebruik word, gebruik 'n SSD as sekondêre berging.

Gee **TWEE** redes waarom 'n SSD die geskikste sekondêre berging vir hul mobiele toestel is.

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

- 8.7.3 'n Ander tipe berging is wolkberging. Bespreek **TWEE** voordele vir die hotel wanneer hulle die gebruik van wolkberging oorweeg.

Voordeel 1:

(1)

Voordeel 2:

(1)

- 8.7.4 Die hotel maak van 'n USB-verbinding gebruik om data na hul eksterne hardeskryfaandrywer oor te dra. Een voordeel van die gebruik van 'n USB-verbinding is dat dit 'n universele verbinding is.

Noem **TWEE** ander voordele van die gebruik van 'n USB-verbinding.

Voordeel 1:

(1)

Voordeel 2:

(1)
[25]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	
-----------------------------------	-------------------	--

VRAAG 9 **GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)**

Die personeel by die hotel het hulp nodig met 'n paar algemene administratiewe take wat op die rekenaar voltooi moet word. Help hulle deur die volgende vrae te beantwoord:

- 9.1 Hoe kan 'n woordverwerkingsdokument gestoor word sodat die teks geredigeer kan word op 'n ander rekenaar waarop hierdie program nie geïnstalleer is nie?

(1)

- 9.2 Wat is die doel van die invoeging van afdelingsbreuke in 'n woordverwerkingsdokument?

(1)

- 9.3 Hoe skakel jy 'n eindnota in 'n voetnota om?

(2)

- 9.4 Die outeur het die *Enter*-sleutel herhaaldelik in 'n dokument gebruik om opskrifte na die bokant van elke bladsy te skuif.

- 9.4.1 Waarom is dit nie 'n goeie idee om die opskrifte op hierdie manier te skuif nie?

(1)

- 9.4.2 Stel 'n manier voor om dit korrek te doen.

(1)

- 9.5 Die volgende uittreksel verteenwoordig inligting wat verband hou met die gaste wat van die hotel gebruik sal maak terwyl hulle met vakansie is. In die sigblad hier onder begin die kamernommer in kolom E met die vloernommer gevolg deur die spesifieke kamernommer.

	A	B	C	D	E
1	Gaste-inligting				
2	Naam	Van	Inteken	Uitteken	Kamernommer
3	Sarah	Johnson	11-Oct	15-Oct	305
4	Michael	Chang	05-Nov	10-Nov	212
5	Emily	Patel	20-Oct	24-Oct	403
6	David	Rodriguez	10-Oct	14-Oct	231
7	Sophia	Lee	01-Nov	04-Nov	112
8	Nneka	Chukwuemeka	20-Oct	24-Oct	224
9	Jabari	Ndlovu	28-Oct	05-Nov	307

Figuur 4

- 9.5.1 Stel **EEN** manier voor waarop die name van die gaste wat op die 2^{de} verdieping bly, onttrek kan word sonder om elke naam afsonderlik te kopieer.

(1)

- 9.5.2 Die bestuurder moet dieselfde inligting wat op die sigblad verskyn in 'n databasistoepassing hê.

Watter eienskap van 'n 'Office'-pakket kan hy gebruik om dit te bewerkstellig?

(1)

- 9.5.3 Waarom is die SUMIF-funksie nie geskik om die getal gaste wat op die 2^{de} verdieping bly, te bepaal nie?

(1)

- 9.6 ROUND is 'n funksie op 'n sigblad om getalle af te rond tot die naaste getal aan 'n desimale plek.

Verduidelik die verskil tussen ROUNDDOWN en ROUNDUP deur die moontlike uitkoms van die voorbeelde hier onder te gee:

=ROUNDDOWN(4.87;1):

Antwoord:

=ROUNDUP(2.3;0):

Antwoord:

(2)

9.7 'n Databasis bevat die vanne en name van gaste.

Die volgende kriterium verskyn in die Van-veld as 'n databasisnavraag: "Like Smi*"

9.7.1 Gee die term wat gebruik word om die asterisk ("*") te beskryf wanneer dit in die kriterium gebruik word.

(1)

9.7.2 Gee die doel van die gebruik van die asterisk in die navraag "Like Smi*".

(2)

9.8 Die tegnologieë wat in die scenario genoem word, verwys na 4IR.

9.8.1 Brei die akroniem 4IR uit.

(1)

9.8.2 Gee nog **TWEE** voorbeelde van tegnologieë van 4IR.

(2)

9.9 Met die nuwe tegnologieë beveel Windows 10 aan dat jy nie outomatiese stelsel-bywerkings afskakel nie.

9.9.1 Gee **TWEE** redes waarom sagtewareontwikkelaars bywerkings vrystel.

Rede 1:

(1)

Rede 2:

(1)

- 9.9.2 Noem **TWEE** potensiële nadele daarvan om nie outomatiese bywerkings te kan deaktiveer nie.

Nadeel 1:

(1)

Nadeel 2:

(1)

- 9.10 Die hotel benodig 'n intreevlakrekenaar vir 'n paar administratiewe take in die kantoor.

Voltooi die ontbrekende spesifikasies van 'n intreevlakrekenaar wat deur die administratiewe personeel gebruik kan word. Skryf die antwoord in die spasie wat voorsien word deur te verwys na die voorbeeld wat in die 2^{de} ry van die tabel gegee word.

Rekenaarspesifikasies	
Voorbeeld: Monitor	17" VKV-skerm
(a)	Celeron
(b)	8 GB
(c)	802.11

(3)

- 9.11 Die hotel bied gratis Wi-Fi-konnektiwiteit vir hul gaste aan.

'n Algemene misdaad wat mense pleeg, is om onbeveiligde Wi-Fi-Internetverbindinge sonder toestemming te gebruik.

Watter term word gebruik om hierdie misdaad te beskryf?

(1)
[25]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	
-----------------------------------	-------------------	--

50 punte

Totaal: 150 punte

BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

[illegible]